

# Wees stil in die teenwoordigheid van die Almagtige

Teks: Psalm 46: 1 - 12  
Teksvers: Psalm 46: 11

## 1. Inleiding

Vanoggend kom ons weer fisies bymekaar hier rondom die woord van die Here. En na die gebeure in ons geloofsgemeenskap die afgelope paar weke, is ons opreg dankbaar. Want waar weereens ons menslike magteloosheid teen hierdie pandemie besef het, is ons gespaar om hier te wees. Dit is juis daarom dat ons vanoggend saam met die Koragiete, in Psalm 46 kan uitroep dat God vir ons is 'n toevlug is.

Ingebou in die idee van 'n toevlug is die sterk gedagte van 'n kontras. Ek soek net toevlug wanneer ek uit die my huidige omstandighede wil kom. En dan soek ek natuurlik toevlug by iemand groter wat in staat is om dit te verskaf. Maar nou is die vraag hoe tree ek op wanneer ek in teenwoordigheid van iemand wat groter is. Vir ons as gelowiges is die iemand wat groter is, natuurlik die Here die almagtige. Die vraag is of ons optrede iets verklap van ons besef van die teenwoordig waarin ons verkeer. Of selfs die erger werklikheid. Die feit dat ek eintlik iets anders erkenning gee of selfs aanbid. Dat iets anders as groter sien.

In Genesis 32, waar ons lees oor Jakob se worsteling met God, sien ons 'n besondere konneksie met ons teksgedeelte vandag. Jakob se naam kom immers twee keer voor in ons teksgedeelte. Maar uiteindelik is dit Jakob se optrede wat vir ons deurslaggewend is. Want Jakob moet uiteindelik sonder enige krag hang aan die Here, fisies totdat die Here Hom seën in vers 28. En dit is hierin wat ons vanoggend moet besin of ons nog die waarheid uitleef van die Here aanhang, selfs in moeilike omstandigheid. Weerspreele ons geloofsluwe en ook ons hele lewe nog die opdrag, van stil wees en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

## 2. Magteloosheid teenoor die natuur

Om aan die natuur as iets sleg of selfs bedreigend tot die mens se voortbestaan te dink, voel vergesog vandag. Want leef vandag mos in 'n tyd en era waar soveel klem op die natuur en sy bewaring geplaas word, dat dit al

amper 'n geloof geword het. Ongelukkig soms 'n geloof waarin die mens tweede kom, en die Here heeltemal ontken word. Tog is hierdie bedreigende-aard van die natuur al 'n ongemaklike werklikheid, in die begin van ons teksgedeelte. In vers 3 sien ons die verwysing na 'n aardbewing wat selfs die berge in die see in laat aftuimel.

As ons kyk na die oorsprong van baie tegnologie en ontwikkeling deur die mens, sien ons iets hiervan. Deur die eeue poog die mens om juis so gereed as moontlik te wees wanneer natuurrampe tref. Tog moet ons steeds dikwels toekyk hoe natuurrampe baie mense lewens opeis. Natuurlik kan die pandemies, soos die huidige een ook in hierdie kategorie geplaas word. Want natuurlik eis dit ook baie mense lewens op.

Maar 'n aardbewing as beeld, skep as natuurramp ook 'n ander gevoel. Die fisies beweging van die aarde onder jou voete. Ons teksgedeelte praat van die aarde wat weg waggel onder jou voete uit. Met ander woorde die mat word onder jou voete uitgepluk. En die hardheid van die natuur kan maklik hierdie gevoel by die mens skep. Dink maar aan storm skade van blitsvloede, of die tragiese gevolg wat 'n droogte seisoen op die lewensvatbaarheid van die landbou sektor.

Dit is dan juis oor die mens se magteloosheid teenoor die natuur wat die eerste gedeelte van ons teksgedeelte gaan. Maar sommer al in vers 2 word dit duidelik gemaak dat God 'n toevlug hierin is. Die skepper van die aarde is in volle beheer van die aarde. Hy versorg Sy woonplek met water en als wat nodig is vir lewe volgens vers 5. Die vraag aan ons vanoggend is, wat doen ons wanneer ons hierdie magteloosheid teenoor die natuur ervaar? Waar vind ons ons toevlug? Want die antwoord is nie om op eie mag die natuur te probeer regruk nie. Die antwoord lê steeds daarin om by die skepper en onderhouer van alles uit te kom.

## 3. Magteloosheid teenoor mense

Tog wanneer jy die meeste mense vra of hulle bang is vir die natuur, sal hulle vinnig antwoord dat hulle eintlik banger vir mense is. En ook dit kom aan die beurt in ons teksgedeelte vandag. Die tweede gedeelte in

die strukturele driedeling wat die teksgedeelte, handel juis oor die mens. Dit handel oor nasies en koninkryke, volgens vers 7. Regerings en groeperings wat mag het oor ander mense.

En dit is hierdie tasbare vrees wat ook vir ons besonder duidelik word in onlangse tye. Hoe mense in magsposisies dit kan misbruik tot nadeel van ander mense. Partykeer tot nadeel van ons as broers en susters in die geloof. Dit is natuurlik ook iets wat 'n mens net so magteloos kan laat voel soos die bedreiging van 'n natuurramp. Dit is dan ook juis hierin wat baie mense se geloof skade ly. Trouens die boosheid van die mense en die hartseer wat dit veroorsaak, is 'n gunsteling ateïstiese argument.

Maar dit is ook hierin waar mense vinnig ander planne wil maak. Waar ons gereeld oproepe hoor om op te tree. Want waar die mense weet dat hy min krag oor natuurrampe kan uitoefen, dink mense anders oor mense. Mense glo as ons net genoeg mense is wat 'n regering of beherende groep omver wil gooi, kan dit maklik gebeur.

Maar ook hierin moet ons nie die gawes en vermoëns waarmee die Here ons seën miskyk nie. Want dit is uiteindelik net die Here wat die mens die vastigheid gee om enige iets te doen. Wat vir ons daardie rotsvesting is waarvandaan ons kan optree.

## 4. Adres van rustigheid

Maar as God dan verhewe is bo hierdie dinge is dit duidelik dat ons, ons sekuriteit by Hom kan vind. Ons kan vra: maar maak dit dan nie sin dat ek hard aan my geloofslewe werk nie? Hard werk om 'n sekere vlak te behaal nie. Om die kerf darem te maak nie?

Dit is juis hier waar die Christelike geloof anders is. Regdeur die Bybel sien ons dat die mens nooit iets goed doen nie. Vanaf Adam se sondes regdeur die ongehoorsame konings en profete wat deur die mense vervolgd word, sien ons niks goed nie. Ten spyte van 'n mensdom wat voortdurend eerder vir die sonde as die Here kies, is God genadig. Hy steur sy enigste seun om in ons plek te sterf. Ons ontvang redding van God op grond van genade.

Maar hier is die een van die moderne mens se groot probleme. Hy wil mos nie iets verniet hê nie. En wanneer hy iets verniet kry word daar

nie veel waarde aangeheg nie. Ons as mense wil iets verdien. Ons wil terugstaan en kan sê: "Kyk hoe hard het ek gewerk, maar die beloning is die moeite werd." Daarom wil ons ook partykeer verkeerdelik ons verlossing probeer verdien deur dit wat ons doen.

Maar God kom in genade en bied hierdie verlossing verniet aan. Dit is nie goedkoop nie. Die prys is die offer wat Jesus Christus self volbring het. Maar die Here gee dit vir ons in genade verniet. Ja, dit spoor ons aan tot 'n dankbaarheid lewe. En om iets te doen uit dankbaarheid verskil wesenlik daarmee om iets te doen uit vrees. In dankbaarheid is daar 'n sekere rustigheid.

Ek kan bedaar en 'n slag asemhaal. Ek kan dit doen want ek erken dat God bo alles verhewe is. En dat Hy vir my sorg. Dat Hy werklik die ware toevlug vir die gelowige is.

## 5. Slot

Ons is geneig om die Here te sien as heilig en ver van ons sondige mense af. As iemand wat nie gepla kan word met my alledaagse worstelinge nie. Ons is al so deur ons omstandighede gekondisioneer dat ons darem nie met lê hande na die Here wil gaan nie. Ons wil daarom ook iets doen om God te beïndruk. Die probleem is net dat ons niks kan doen om God te beïndruk nie.

Maar God verwag dit ook nie. Hy het in genade ons gered en ons sonder verdienste aangeneem as sy kinders. Daarom staan ons ook nou in 'n verhouding met die Here. 'n Vader kind verhouding. En 'n Vader wil nie heelyd hê dat 'n kind hom moet beïndruk met wat hy doen nie. Verder smag kinders daarna om in die rustige teenwoordigheid van hulle ouers te ontspan. Daar waar 'n mens veilig en geborge kan voel, selfs al is almal rondom jou besig om te sterf.

Hierdie stilte en rustig staan ook sentraal in ons verhouding met die Here. God moet ook vir ons partykeer tot stilstand roep en sê erken dat Ek God is. Al hierdie groot dinge waaroor ons, onself bekommer is somer nietighede en vergelyking met die Here se krag. Daarom kan ons met ons lewens getuig dat ons nie voortdurend van een oplossing na 'n ander hardloop nie. Ons weet waar ons hoop en

redding lê. En dit is vas en seker vir ewig en altyd. Daarom kan ons stil wees in die teenwoordigheid van die Here.

Amen.